



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3


NOVEMBER 2020

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

NASIONALE NASIENSIMBOLE		
VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde		Hakies en pyltjie
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Spelfoute	==	Dubbelstreep onder die spelfout
Taalfoute	—	Enkelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	[Begin van 'n nuwe sin
Woord(keuse)-foute	X	Trek 'n X bo die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓	Regmerkies bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukings
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Puntuasie	○	Omkring

AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/sy mag enige soort opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die punte soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud:

I = KH = 22

Taal, styl en redigering:

T = KL = 10

Struktuur:

S = K = 4

Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).

36

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die opstel saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

VRAAG 1**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande memorandum) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos byvoorbeeld:

1.1 Robin stap stasie toe ...

Die kandidaat kan hierdie onderwerp as 'n **verhalende** opstel aanbied deur die storie te vertel van wat op hiërdie dag gebeur/gebeur het en hoe dié stap anders is as die vorige kere toe Robin na die stasie toe stap/gestap het. In 'n **beskrywende** opstel met hierdie titel kan Robin se manier van stap na die stasie toe, voorheen en nou, beskryf word. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat byvoorbeeld oor moontlike emosies mymer wat Robin beleef terwyl sy/hy stap. As 'n **beredeneerde of argumenterende** opstel kan die kandidaat redeneer/argumenteer oor waarom mense hulle optredes verander wanneer gebeure/doelwitte/uitdagings hulle noop om dit te doen. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**1.2 Moenie vir eendag wag nie; leef vandag.**

As basis vir 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat vertel van 'n insident/insidente toe hy/sy besluit het om dadelik 'n geleentheid/geleenthede aan te gryp wat 'n onmiddellike verskil in sy/haar lewe gemaak het. In 'n **beskrywende** opstel kan 'n kandidaat byvoorbeeld beskryf hoe hierdie onmiddellike aangryp van geleenthede sy/haar lewe verander het en wat die gevolge sou wees indien hy/sy eers daarmee gewag het. Daar kan in 'n **bespiegelende** opstel besin word oor die redes waarom mense dikwels bang is om onmiddellik 'n geleentheid te benut en eerder vir later te wag. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die kandidaat argumenteer/redeneer of dit wenslik is al dan nie om eers deeglik te besin voordat 'n mens geleenthede wat hulle voordoen, benut. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**1.3 Die dag toe ek my ore uitgeleen het**

'n Vertelling van 'n insident/insidente waartydens die kandidaat verkeerd opgetree het/verkeerde/goeie besluite geneem het nadat hy/sy na iemand se raad/opmerkings/uitlatings geluister het, kan as 'n **verhalende** opstel aangebied word. Indien die kandidaat sy/haar emosies beskryf nadat hy/sy beseft het watter skade aangerig/waarde toegevoeg is op grond van iemand se raad/ opmerkings/uitlatings kan dit as basis vir 'n **beskrywende** opstel dien. Waarom mense geneig is om op te tree/keuses te maak n.a.v. ander se raad/opmerkings/uitlatings kan as inhoud vir 'n **bespiegelende** opstel dien. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel sal die inhoud moontlik handel oor die wenslikheid al dan nie daarvan om te reageer/besluite te neem n.a.v. dit wat 'n mens by ander hoor. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**1.4 'n Tweede kans ...**

In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat byvoorbeeld van 'n insident/insidente vertel toe hy/sy die geleentheid gekry het om van voor af te begin nadat verkeerde keuses tot negatiewe gevolge gelei het. Emosionele ervarings wat iemand beleef wat 'n tweede kans gebied word, kan die basis vir 'n **beskrywende** opstel wees. Indien die kandidaat besin oor die impak wat tweede keuses/kanse op iemand se lewe het, kan dit as 'n **bespiegelende** opstel aangebied word. Argumente/redenasies waarom iemand wat aanvanklik verkeerde keuses uitgeoefen het weer 'n tweede kans verdien, kan in 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel uiteengesit word. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]

1.5 Ek weet goéd wie agter hiérdie plan sit!

'n **Verhalende** opstel se inhoud oor hierdie onderwerp sou kon vertel van 'n insident waar die kandidaat weet wie dit is wat 'n plan teen hom/haar smee. Die emosionele gewaarwordings van iemand wat besef wie 'n plan teen hom/haar smee, kan in 'n **beskrywende** opstel aangebied word terwyl daar in 'n **bespiegelende** opstel geskryf kan word oor die redes wat iemand motiveer om ander mense met (slinkse) planne te na te kom./te bevoordeel. Enige ander (tipe) opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**1.6.1 Wedloop met wenner**

'n **Verhalende** opstel sou die storie van 'n spesifieke wedloop/resies kon vertel wat 'n hoogtepunt in die verteller se lewe was. Indien die inhoud op byvoorbeeld die atmosfeer wat tydens 'n wedloop/kompetisie tussen die deelnemers/toeskouers heers beskryf, sal die opstel **beskrywend** van aard wees. Daar kan in 'n **bespiegelende** opstel besin word oor die ingesteldheid van mense om te alle tye te wen./oorwinning te smaak. Die voor- en nadele van kompetisie(s) kan in 'n **beredeneerde** opstel aangespreek word, terwyl 'n **argumenterende** opstel oortuigende standpunte sal aanbied of die wenmotief te alle tye wenslik is, al dan nie. Hierdie opstel kan ook figuurlik geïnterpreteer word, bv. 'n emosionele/geestelike oorwinning. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**1.6.2 Hande met gebreekte toue**

'n **Verhalende** opstel kan die storie vertel van 'n insident of gebeurtenis waar die kandidaat hom/haar van 'n situasie kon bevry wat hulle vryheid aan bande gelê het. In 'n **beskrywende** opstel kan emosionele/geestelike gevangenis en die uiteindelijke bevryding daarvan aangebied word. 'n **Bespiegelende** opstel se inhoud kan fokus op watter emosionele effek gebondenheid op mense se geestelike welstand het en hoe moeilik dit vir sommige mense is om daarvan bevry te word. In 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel kan die voor- en/of nadele van gebondenheid en oorwinning daarvan/daaruit bespreek word. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**1.6.3 Meisie wat loop met tas in die hand**

Hierdie meisie se lewensverhaal, wat daarop uitgeloop het dat sy haar losmaak van hierdie mistroostige omstandighede, kan as inhoud vir 'n **verhalende** opstel gebruik word. Die verband tussen die mistroostige toneel waarin hierdie meisie geteken is en haar emosionele toestand kan in 'n **beskrywende** opstel aangebied word. Die emosionele gewaarwordinge van mense wat nie meer kans sien vir sukses nie, kan in 'n **bespiegelende** opstel verwoord word. Redes waarom mense altyd na iets beters in die lewe op soek is, kan in 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel ondersoek word. Kandidate kan in hulle opstelle ook na die agtergrond in hierdie prikkels verwys, bv. na die natuur/n ramp. Enige ander opstel oor hierdie onderwerp moet op meriete oorweeg word.

[50]**SOORTE OPSTELLE:****VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Dit gebruik gewoonlik die verlede tyd.

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idioome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

BEREDENEERDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

Hou die volgende in gedagte:

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waarvoor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.

- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

BESPIEGELENDEN OPSTEL

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor 'n droom of wense/moontlikhede.

Hou die volgende in gedagte:

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die skryfstuk die punte soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud, beplanning en formaat:

I = K = 10

Taal, styl en redigering:

T = G = 6

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks).

16

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die kandidaat skryf 'n informele brief aan sy/haar oupa/ouma waarin hy/sy die oupa/ouma gerusstel oor die voorgenome trek na 'n aftreeoord.

Hou in gedagte:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Die skrywer moet sy/haar oupa/ouma gerusstel oor die voorgenome trek na die aftreeoord.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
- Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
- Die adres en die datum moet boaan verskyn.
- Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer se naam.

[25]

2.2 FORMELE BRIEF: BEDANKING

Die brief fokus op die waardering wat die skrywer uitspreek vir die manier waarop hy/sy tydens sy/haar gemeenskapsdiens by die DBV behandel is, asook die waardevolle lesse wat hy/sy daar geleer het.

Hou in gedagte:

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die manier waarop die skrywer tydens sy/haar gemeenskapsdiens by die DBV behandel is asook die waardevolle lesse wat hy/sy daar geleer het.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in 'n formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet gegee word.

[25]

2.3 HULDEBLYK

Die skrywer bring hulde aan die skool se onderwysers tydens Internasionale Onderwysersdag.

Hou in gedagte:

- By hierdie huldeblyk moet die gehoor formeel gegroet word: Geagte skoolhoof, onderwysers en leerders
- Die styl moet pas by die geleentheid en die gehoor.
- Skryf weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem.

[25]

2.4 INFORMELE VERSLAG

Die informele verslag fokus op die bevindings na afloop van die navorsing wat die kandidaat t.o.v. die gebruik van tablette in die plek van handboeke gedoen het.

Hou in gedagte:

- Die informele verslag bevat 'n kort, bondige opskrif.
- 'n Inleiding wat die doel van die verslag aandui, moet geformuleer word.
- Die skrywer kan van subopskrifte gebruik maak.
- 'n Treffende slot moet die inhoud van die verslag saamvat.
- Die taal en styl moet by die aard van die informele verslag pas.
- Paragrafe moet 'n logiese verloop handhaaf.

[25]**2.5 TYDSKRIFARTIKEL**

Die fokus van die tydskrifartikel konsentreer op die nuutste modegiere wat onder tieners heers.

Hou die volgende in gedagte:

- Die doel is om lesers in te lig, op te voed of te vermaak.
- Die titel/opskrif moet kort en treffend wees en by die onderwerp pas.
- Die inleidingsparagraaf moet kort en kragtig wees en moet dadelik die inhoud ontsluit.
- Die omgekeerde piramiedemetode word gebruik waar die belangrikste inligting eerste genoem word en die ander inligting daarna in dalende volgorde van belangrikheid aangebied word.
- Die tydskrifartikel word hoofsaaklik in die bedrywende vorm geskryf.
- Die inhoud kan in kolomme of in paragrafe geskryf word.
- Die inhoud moet duidelik uiteengesit word.
- Die teikengroep moet by die inhoud pas.
- Aanhalings kan gebruik word.
- Die slotparagraaf moet 'n gevolgtrekking maak.

[25]**2.6 ONDERHOUD**

Die onderhoud fokus op 'n gevaarlike heldedaad.

Hou in gedagte:

- Vraag en antwoord moet duidelik onderskei word.
- Die onderhoud mag in dialoog- of artikelformaat geskryf word.
- Elke spreekbeurt word op 'n nuwe reël begin.
- Die verskil tussen gesproke en geskrewe Afrikaans is belangrik – daarom moet die redigering versigtig gedoen word.
- In hierdie geval moet die onderhoudvoerder se vrae op die gevaarlike heldedaad fokus, bv. "Wat het jou gedagtes gegaan toe ..."/"Wat het jou tot onmiddellike reaksie laat oorgaan?"

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks 30 PUNTE	Hoë vlak	28–30	22–24	16–18	10–12	4–6
		-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -Idee is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons baie goed; getuig van vaardigheid -Idee heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend -Idee redelik samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Wisselvallige samehang in respons -Idee onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	-Respons heeltemal irrelevant -Idee deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
	Lae vlak	25–27	19–21	13–15	7–9	0–3
		-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek -Idee intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons goed; getuig van vaardigheid -Idee relevant, interessant -Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid -Idee redelik samehangend en oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	-Respons is grootliks irrelevant. -Idee begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL & REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks; Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling 15 PUNTE	Hoë vlak	14–15	11–12	8–9	5–6	0–3
		-Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks - Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	-Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	- Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	-Taal onverstaanbaar --Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
	Lae vlak	13	10	7	4	
		-Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Baie goed tot knap gedaan	-Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief -Toon gepas en effektief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	-Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	-Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk	
STRUKTUUR Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE		5	4	3	2	0–1
		-Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	-Logiese ontwikkeling van details -Samehangend -Sinne en paragrawe logies en toon variasie	-Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog sin	-Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog effens sin	-Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks 15 PUNTE	13–15 -Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idee intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Idee behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	10–12 -Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute	7–9 -Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	4–6 -Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	0–3 -Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking -Geen samehang in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL & REDIGERING Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling 10 PUNTE	9–10 -Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	7–8 -Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	5–6 -Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatikafoute -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	3–4 -Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Betekenis belemmer	0–2 -Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaa met foute en verward -Woordeskat nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer